2017/11/14
08:25 AM

Graan SA Oggend Markkommentaar

	DATUM 2017/11/14	DATUM 2017/11/13			+ - WEEK GELEDE 2017/11/06		
	Data	Δ	Δ%	Data	Δ%	Data
DJIA-index	23440	17.49	0.1%	23422	-0.4%	23539
Goud (Spot)	1276.50	0.90	0.1%	1275.60	0.5%	1269.85
Brent $/vat	63.08	-0.60	-0.9%	63.68	1.0%	62.47
1 € / US$	1.1674	0.002	0.2%	1.1656	0.6%	1.1610
1 US$ / ZAR	14.48	-0.030	-0.2%	14.51	2.0%	14.20
Corn	R 1 949.56	-4	-0.2%	R 1 953.60	*CBOT Corn Dec cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Dec 12:00 the previous day	
Wheat	R 2 232.81	-15	-0.7%	R 2 247.99	* CBOT Wheat Dec cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Wheat Dec 12:00 the previous day	
Soybeans	R 5 071.23	-121	-2.3%	R 5 192.55	* CBOT Soy Nov cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Soy Nov 12:00 the previous day	
Latest CBOT prices during overnight trading (Recorded between 6 a.m. to 07:00 am vs 12:00 pm the previous trading day)						
Corn Sep 17	342.00	0.00	0.0%	342.00	-2%	348.00
Wheat Sep 17	424.00	-2.00	-0.5%	426.00	0%	425.00
Soybeans Sep 17	963.00	-21.00	-2.1%	984.00	-1%	977.00
PLAASLIKE MARKINLIGTING						
SORGHUM Dec '17	2620.00	0.00	0.0%	2620.00	0.0%	2620.00
WMAZ Spot	2074.00	49.00	2.4%	2025.00	3.1%	2011.00
WMAZ Dec 17	2092.00	49.00	2.4%	2043.00	2.6%	2039.00
WMAZ Mar 18	2140.00	49.00	2.3%	2091.00	2.7%	2084.00
YMAZ Spot	2179.00	62.00	2.9%	2117.00	3.8%	2100.00
YMAZ Dec 17	2199.00	57.00	2.7%	2142.00	3.2%	2131.00
YMAZ Mar 18	2245.00	60.00	2.7%	2185.00	3.4%	2172.00
SOY Spot	5128.00	106.00	2.1%	5022.00	4.2%	4923.00
SOY Dec 17	5168.00	109.00	2.2%	5059.00	4.5%	4945.00
SUN Spot	4832.00	86.00	1.8%	4746.00	5.8%	4566.00
SUN Dec 17	4860.00	81.00	1.7%	4779.00	5.1%	4622.00
WHEAT Spot	4230.00	34.00	0.8%	4196.00	0.8%	4196.00
WHEAT Dec 17	4260.00	39.00	0.9%	4221.00	0.9%	4221.00
WHEAT Mrt 18	4349.00	33.00	0.8%	4316.00	-1.1%	4307.00

NUUTSTE MARKINLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY UIT VERSKEIE MARKVERSLAE

BY DIE GELD PUT OPSIE	WM	YM
JULIE '18 TERMYNPRYS	R 2 224.00	R 2 299.00
PUT TREFPRYS	R 2 220.00	R 2 280.00
PUT PREMIE	R 224.81	R 204.80
MINIMUM SAFEX PRYS	R 1 995.19	R 2 075.20

WEEK NR. 27	MIELIE UITVOERE WM	YM	TM
WEEK TOTAAL	5 643	10 419	16 062
JTD TOTAAL	502 421	975 800	1 478 221
UITVOERBAAR	2 500 000	1 850 000	4 350 000
JTD AS % VAN UITVOERBAAR	20%	53%	34%
TEMPO/WEEK BENODIG	79 903	34 968	114 871

MIELIE PRODUSENTE LEWERINGS		
WEEK TOTAAL	9 708	5 229	14 937
JTD TOTAAL	8 913 109	6 018 096	14 931 205
NOK SKATTING + REGSTELLINGS	9 642 750	6 451 250	16 094 000
% GELEWER VAN OES	92%	93%	93%
TEMPO /WEEK BENODIG	29 186	17 326	46 512

KORING INVOERE	2017/18	2016/17	5 Jr. GEM
WEEK TOTAAL	82 712	7 146	51 048
JTD TOTAAL	393 947	59 544	145 493
TOTAAL BENODIG	1 800 000	930 728	1 568 763
JTD AS % VAN BENODIG	22%	6.4%	9%

Markoorsig: November kan tot dusver bestempel word as 'n moeilike maand vir die rand wat nou naby aan 'n 1 jaar laagtepunt verhandel nadat dit gister dié vlak bereik het. Die rand verhandel vanoggend effens sterker as die vlakke waarteen dit gister verhandel het en verhandel vanoggend teen R14.47/$. Die land word tans deur baie onsekerhede in die gesig gestaar met die oë wat gerig is op volgende week se kredietgradering wat deur S&P en Moody's gedoen sal word. Die verwagting is dat daar 'n groot kans is dat die land se kredietstatus volgende week verder afgegradeer kan word. Verder is daar baie plaaslike onsekerhede in die politieke kringe met die opbou na die regerende party se leierskapsverkiesing wat in Desember plaasvind. Die Tesourie se adjunk direkteur het ook verlede week bedank nadat dit aan die lig gekom het dat die President die verslag bekend gaan maak waarin hy gratis tersiêre onderrig wil toelaat ter waarde van R40 miljard per jaar. Die plaaslike fiskale rekening is alreeds onder druk en dit sal nie gratis onderrig ook kan absorbeer nie. Die Brent ru oliepryse verhandel ook steeds teen die sterker vlakke naby aan 'n 2 jaar hoogtepunt en die sterker olieprys tesame met die swakker rand voorspel nie goeie nuus vir die plaaslike brandstofpryse nie.

Mielies: Die Amerikaanse mieliemark het gister onder druk gekom en het laer verhandel om die week op 'n negatiewe noot te begin en het Vrydag se prystoenames weer verloor. Die druk op die pryse in gister se verhandelingwas hoofsaaklik as gevolg van 'n oorspoel effek vanaf die sojaboonpryse wat skerp onder druk gekom het, maar die grootse bydraende faktor in die laer mielipryse kan toegeskryf word aan die groot internasionale voorrade wat beskikbaar is in die 2017/18 seisoen, met die goeie Amerikaanse produksie en die groot wêreld eindvoorraad wat oorgekom het vanaf die 2016/17 seisoen. Die USDA het verlede week in hul nuutste WASDE verslag die mielie produksie in die VSA verhoog tot en met 370 miljoen ton, wat ongeveer 7 miljoen ton hoërs as die vorige skatting is. Alhoewel die wêreld eindvoorraad vir die 2017/18 seisoen laer behoort te wees as dié van die vorige seisoen, behoort daar steeds groot voorrade te wees aan die einde van die bemarkingseisoen. Die ander faktor wat ook 'n rol speel in die pryse is die uitvoere. Die weeklikse uitvoerinspeksies van verlede week was op 375 940 ton gerapporteer, wat laer was as die gemiddelde handelsverwagtinge wat verlede week in die mark was. Die grootste bestemmings waarnatoe die mielies uitgevoer was, is Meksiko, Peru en Taiwan. **Plaaslik:** Die plaaslike mieliemark het gister goeie ondersteuning gevind en het sterker verhandel in meeste van die kontrakmaande van beide wit- en geelmielies wat tans gelys is. Daar is nie veel nuwe fundamentele nuus in die mark nie en daar behoort steeds groot eindvoorraad aan die einde van die bemarkingseisoen te wees. Die mark het ook goeie ondersteuning gevind met die verswakking van die rand en die rolspelers hou ook die weerstoestande plaaslik dop. In groot gedeeltes van die land is die grondvog tans laag, wat die aanplantings vertraag. Daar word reën in groot gedeeltes van die land voorspel vir vandag en môre en indien die reën wydverspreid voorkom, sal dit weer gunstig vir aanplantings wees. Produsente moet egter hierdie seisoen goeie oordeelkundige bemarking doen en van geleenthede gebruik maak in die mark om bemarkingsbesluite te neem.

Sojabone: Die Amerikaanse sojaboonmark het gister laer verhandel en gedaal tot 'n een maand laagtepunt, met sterk verkope wat gister in die mark gesien was. Die mark het dubbel syfer verliese getoon en die Januarie 2018 kontrak het onder die 200 dag bewegende gemiddelde pryse inbeweeg. 'n Groot Amerikaanse sojaboonoes wat verwag word tesame met gunstige reën wat in Brasilië voorgekom het en kompetisie vanuit ander Suid Amerikaanse lande, het die Amerikaanse sojaboonmark onder druk geplaas. In die weeklikse uitvoerinspeksies van verlede week was die weeklikse uitvoere goed in lyn met die met die handelsverwagtinge wat in die mark was met China as die grootste uitvoer bestemming gevolg deur Turkye, Nederland en Sadi Arabië. Privaat uitvoerders het ook groot hoeveelhede sojaboonmeel se uitvoere aan die Filippyne gerapporteer vir lewering in die 2017/18 seisoen. In Argentinië is daar steeds bekommernisse dat ongunstige weerstoestande die aanplantings daar vertraag met die seisoen wat reeds aan die laat kant is. Die verwagtinge is ook dat die Brasiliaanse produksie vir die seisoen aansienlik laer behoort te wees as verlede seisoen se produksie met die aanplantings wat ook daar 'n paar weke laat is. **Plaaslik:** Die plaaslike sojaboonmark het gister goeie ondersteuning gevind en het in die meeste van die kontrakte wat tans gelys is meer as R100/ton hoër gesluit. Die mark het goeie ondersteuning gevind met die rand wat so skerp verswak het deur die loop van die dag se verhandeling sessie. Die plaaslike weerstoestande word ook fyn dopgehou met gedeeltes van die ooste van die land waar die grondvog steeds min is en die aanplantings van somergrane daar vertraag word.

Koring: Die Amerikaanse koringpryse het gister laer verhandel en die grootste bydraende faktor tot die druk op die pryse is steeds die groot wêreld koringvoorraad en die kompetisie van ander lande in die internasionale uitvoer konteks. Al drie die Amerikaanse koringmarkte, wat beide die harde en sagte rooi winter koring en die lentekoring insluit, het onder druk gekom en laer verhandel. Die weeklikse uitvoerinspeksies van verlede week was aan die lae kant van die week se uitvoerverwagtinge wat in die mark was en die grootste uitvoerbestemmings vir die week was Meksiko, Indonesië, Japan en Trinidad. Die Russiese koring uitvoerprys het vir die tweede agtereenvolgende week gedaal met die vraag na Russiese koring wat effens laer was die Russiese geldeenheid wat effens verswak het teenoor die Amerikaanse doller. Die uitvoere uit Rusland kan egter nog steeds 'n alle tye rekord bereik met die jaar tot datum uitvoere vanuit Rusland wat ongeveer 25% hoër is as dieselfde tydperk verlede jaar. **Plaaslik:** Die plaaslike koringmark het gister aanvanklik stadig verhandel, maar het goeie ondersteuning gevind deur die loop van die dag met die verswakking van die rand. Daar kom ook reën voor oor gedeeltes van die Weskaap waar die stroop van koring aan die gang is en dit kan moontlike vertragings in die stroop proses veroorsaak.

Plaaslike Markinsigte & Data: *www.grainsa.co.za /www.sagis.co.za*
Internasionale Markinsigte & Data: *www.usda.co.za*

Opgestel deur *Michelle Mokone and Luan van der Walt/* ***Vir navrae, kontak****: Michelle@grainsa.co.za/Luan@grainsa.co.za*
Dankie aan die Mielietrust vir die gedeeltelike befondsing van hierdie projek

Everything has been done to ensure the accuracy of this information, however Grain SA takes no responsibility for any losses or damage incurred due to the usage of this information.